

# Die Hebreuse Ou Testament word in Grieks vertaal

## Die Hebreuse Ou Testament word in Grieks vertaal

Tot sover het ons gepraat van die *Hebreuse Ou Testament*. Op 'n stadium is dele van die Hebreuse Ou Testament ook in *Grieks* vertaal omdat daar na die ballingskap baie Jode buite Palestina gebly het wat nie meer Hebreus of Aramees kon verstaan nie. In die loop van die derde eeu is begin om die Hebreuse Bybel in Grieks te vertaal. Dié vertaalproses het tot in die eerste helfte van die eerste eeu voor Christus aangehou. Hierdie Griekse vertaling van die Ou Testament is die *Septuagint* (afgekort LXX) genoem.

Met die vertaling het dit egter gebeur dat daar heelwat verskille tussen die Hebreuse Ou Testament en die Septuagint gekom het. Die belangrikste verskil is dat daar 'n hele klomp *byvoegings* en selfs 'n hele klomp *ekstra boeke* in die Septuagint is wat nie in die Hebreuse Bybel is nie! *Die boeke wat bygevoeg is noem ons deesdae die "Ou-Testamentiese apokriewe"*. Van hulle is glad nie eers in Hebreus geskryf nie, maar in Grieks.

Die volgende illustrasie gee vir jou 'n idee van die boeke wat in die Septuagint was en wat nie in die Hebreuse Bybel was nie.

### **SEPTUAGINT**

**(Griekse weergawe van die Ou Testament met die apokriewe)**

Ontstaan vanaf die derde eeu voor Christus tot die eerste helfte van die eerste eeu voor Christus

<p>Griekse vertaling van die 39 boeke wat in die Hebreuse Ou Testament (en in die Ou Testament in ons Bybel) is</p> <p>PLUS</p>	<p>Griekse weergawes van die volgende boeke (oftewel die apokriewe boeke):</p> <p>1 Esra  Byvoegings tot Ester  Judit  Tobit,  1, 2, 3 en 4 Makkabeërs  Odes van Salomo  Die Wysheid van Salomo  Die Wysheid van Ben Sirag  Die Psalms van Salomo  Barug  Die Brief van Jeremia  Byvoegings tot Daniël:  Gebed van Asarja en Die lied van die drie jong manne  Susanna  Bel en die Draak</p>
---	--

Skrwyer: [Prof Jan van der Watt](#)

---

# Die Ou-Testamentiese Apokriewe

## Die Hebreuse Ou Testament

In die Hebreuse Ou Testament is daar 39 boeke wat gewoonlik in drie groepe verdeel word: die wet, die profete en die geskrifte.

- Die wet bestaan uit 5 boeke: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Die vyf boeke van die wet is eerste geskryf en is ook die boeke wat eerste as gesaghebbende boeke aanvaar is. Geleerdes dink dat hierdie boeke alreeds in die tyd toe die Jode teruggekom het uit die ballingskap erken is as gesaghebbende boeke wat van God af kom; dus ongeveer in die vyfde eeu voor Christus.
- Die profete sluit boeke soos Josua, Rigters, Jesaja, Jeremia, Hosea, Joël en Amos in. Dit lyk of hierdie boeke reeds teen ongeveer 200 voor Christus as gesaghebbende boeke aanvaar is.
- Die derde groep, die geskrifte, bestaan uit boeke soos Psalms, Spreuke, Job, Prediker, Daniël en Ester. Teen die tyd dat Jesus op aarde was, is die meeste van hierdie boeke alreeds deur baie Jode as gesaghebbend aanvaar, maar dit was eers teen ongeveer 90 – 100 na Christus dat min of meer duidelikheid verkry is dat al die boeke wat deel uitmaak van hierdie groep, gesaghebbend is. Selfs daarna was daar nog hier en daar 'n Joodse geleerde wat gewonder het of boeke soos Esegïel, Spreuke, Hooglied, Prediker en Ester deel van die Hebreuse Bybel moet wees of nie.

**Wet**

As gesaghebbend aanvaar teen ongeveer 450 voor Christus

**Profete**

As gesaghebbend aanvaar teen ongeveer 200 voor Christus

**Geskifte**

Die laaste boeke van die geskifte as gesaghebbend aanvaar teen ongeveer 100 na Christus

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

---

# Jakobus 2:1–4: Wat is die implikasies

## Jakobus 2:1–4: Wat is die implikasies

Uit Jakobus 2:6 is dit duidelik dat hierdie onderskeid wat gemaak word, die arm man oneer aandoen.

Die arm man se moontlikhede word in beide gevalle met die ryk man gekontrasteer: “hier” staan teenoor “daar” en “gerieflik” staan teenoor “die sit op die grond”. Sosiaal word daar dus gekommunikeer dat die arm man minderwaardig is. Normaalweg kan daarvan uitgegaan word dat die meer eervolle plek die plek

nader aan die huisheer of die leier van die gemeente is. Die arm man wat buite in die binneplein moet gaan staan, word so afstandsgewyse van die eervolle plek af wegbeweeg. Dat dit sosiale onderskeid beteken is duidelik. As die man 'n plek in die kamer aangebied word, is dit op die grond – degradering van die arm man is duidelik. Dit word wel nie in die teks gesê nie, maar word tog gesuggereer deur die feit dat die ryk man so 'n lekker sitplek gekry het. Die probleem hier is dus die sosiale aantasting van die arme bloot op grond van sy kleredrag en dit in 'n openbare plek soos die byeenkoms van die gemeente. Die plekke wat toegeken is, het die sosiale waarde van die persoon aangedui en op die wyse is die arme oneer aangedoen. Dit kom neer op die perspektief waarmee daar na die gebeure in hierdie wêreld gekyk word. 'n Mens kan deur die oë en met die wysheid van 'n mens kyk – dan sien jy aardse rykdom en status raak; maar 'n mens kan ook deur die oë en met die wysheid van God kyk – dan lyk mense en wat hulle doen vir jou anders (sien Jakobus 3:13-18). Dit is wat daar na alle waarskynlikheid bedoel word met die woorde: “Het julle nie dan mense op grond van verkeerde oorwegings beoordeel nie?” (Jakobus 2:4).

**Skrywer:** [Prof Jan van der Watt](#)

---

## **Jakobus 2:1–4: Waar kom hulle bymekaar? Dalk 'n huis?**

**Jakobus 2:1–4: Waar kom hulle bymekaar? Dalk 'n huis?**

Christene het ook in huise byeengekom, veral nadat verhoudings met die Jode in die sinagoges versuur het.

Die woord “sinagoge” verwys nie noodwendig na 'n gebou nie, maar kan ook op mense wat godsdienstig saamkom, dui – al is dit in 'n huis. Mense wat met die Jodedom vertrou is of uit

Judea kom, het voortgegaan om hulle vergaderinge “sinagoges” te noem. Dit blyk dus dat “sinagoge” ’n idiomatiese uitdrukking vir die Christelike bymekaarkoms is.

As dit ’n huis is, hoe moet die plekke waarna in die teks verwys word, verstaan word?

**i) Is daar voetbanke in huise,** want daar word pertinent na ’n voetbank in die teks verwys? Daar was wel voetbanke in huise, veral in groter of ryker huise wat dikwels deur Christene gebruik is vir hulle byeenkomste.

Voetbanke is by twee soorte meublement in huise gebruik – die een is by ’n lêbank wat in ’n sitkamer gebruik is waarop twee persone kon lê (figuur 2). Die voetbank moes dan waarskynlik onder andere gebruik gewees het as ’n soort van ’n trap. Dit kan uit die voorstelling gesien word. Die ander tipe voetstoel is by ’n enkele stoel – die figuur met die vrou toon duidelik dat sy op ’n soort rottangstoel sit en dat haar voete op ’n voetbank rus (figuur 3). In die geval van die enkele stoel gaan dit om ’n privaat situasie wat nie pas by ’n byeenkoms van mense nie. Die beter moontlikheid is die bank waarop twee mense kon sit en wat vir ’n sitkamer bedoel is.





**Figuur 3**

## **Figuur 2**



### **ii) Waarna sou die “voetstoel” verwysing van die gasheer wees?**

Die tweede opsie wat die arm man gebied word, is om onder by die gasheer se voetstoel te gaan sit. Hy word wel in die vertrek toegelaat en inderdaad naby die huisheer, maar moet op die grond – nie eers op die voetstoel nie – gaan sit. Terwyl die ryke gemaklik sit, word die arm man gedegradeer om op die grond in die sitkamer te gaan sit.

### **iii) Waar is die “daar” waar die arm man moes gaan staan?**

Die “daar” waar die arm man moes gaan staan verwys na waar iemand moet gaan staan. Waar sou dit in 'n huis moontlik wees. 'n Mens moet veral in gedagte hou dat daar verskillende tipes huise was, maar een argitektoniese eienskap was baie algemeen. Feitlik alle huise was om 'n binneplein gebou wat as deel van die huis gesien is.

Die aaneenskakeling van die sitkamer met die binneplein kan in die meegaande illustrasie goed gesien word. Die plan van die huis wys ook hoe die kamers op die binneplein uitloop. Die binneplein is 2 gemerk en die sitkamer 1 – die twee kamers is in die boonste illustrasie uitgebeeld.




**Figuur 4<sup>3</sup>**

“Trosbehuising”, waar verskeie families 'n kamer of kamers rondom 'n gemeenskaplike binneplein besit het, was tipies. Huise vir so 2-4 persone was omtrent so groot soos 'n hedendaagse motorhuis, terwyl die rykes heelwat groter huise gehad het, wat ook om 'n binneplein gebou is. Soos uit figure 4-6 blyk, het die sitkamer gewoonlik op die binneplein uitgeloop. As jy in die binneplein staan sou jy kon sien en



hoor wat in die sitkamer aangaan. Daar was nie onder normale omstandighede stoele of sitplekke in die binnehof nie.

Figuur 5 bevat 'n illustrasie van 'n "troshuis". Daar kan duidelik gesien word hoe die verskillende kamers om die binneplein gebou is.



**Figuur 5<sup>4</sup>**

Veronderstel die gasheer wat die plekke aanwys, staan in die sitkamer. Vir die rykman sê hy: "Sit u hier op die lekker plek". Dit sou waarskynlik na die banke in die sitkamer verwys waarop die persone twee-twee gelê het – dit is die normale maar ook die beste plekke.

Nou sê die gasheer vir die arm dat hy "daar moet gaan staan". Die daar dui daarop dat dit weg is van die kamer waar die huisheer op die oomblik is. As die argitektuur van die huis in ag geneem word, kan dit maar net die binneplein beteken – daar moet die arm man gaan staan, want daar was nie sitplek of banke nie. Hy sou nog kon hoor wat in die sitkamer aangaan. Dit was ook nie asof hy die persoon uit die huis uit jaag nie, want die binneplein was nog deel van die huis.

**Skrywer:** [Prof Jan van der Watt](#)

---

<sup>3</sup>Die illustrasies kom uit Connolly en Dodge.

<sup>4</sup>Die illustrasie kom uit Bühlmann (1994:55) en toon 'n huis uit "wooneiland II" in Kapernaum.

